

# KINDERKERK LES: Die Bybel – Hersieningsles

## Doel van die les:

- Die kinders kry kans om deur middel van speletjies en aktiwiteite te hersien wat hulle die kwartaal oor die Bybel geleer het.

## DIE BYBEL IS – BOODSKAP OOR NUWE LEWE IN CHRISTUS

**Speletjie 1: Visvang:** Elke groepie kry 'n "visstokkie en vissies". Gee vir elkeen kindjie in die groep 'n beurt om die vissies te vang.

**Sê:** Wie van julle was al saam jul pappa as hy gaan visvang? Wie hou van vis of visvingers? As pappa die vis vang, lyk die vis soos 'n visvingertjie wat mamma vir jou gaar maak? Of die vis wat mamma bak? Nee, natuurlik nie. Pappa moet die vis mos eers skoonmaak, al die jiggie goed wat binne die vis is uithaal. Net so is dit met ons as ons, ons hartjies vir Jesus gee. Ons is daai vissie wat pappa gevang het, vol jiggie goed binne in ons hartjies (sonde), maar dan kom Jesus en maak ons skoon van binne, haal al daai jiggie goed uit.

## DIE BYBEL IS – GOD SE WOORDE

**Resep:** Hoe om 'n butterfly/karretjie ens. toebroodjie te maak (ons gaan koekiedrukkers gebruik). Die resep is uitgedruk in kaartjie vorm bv. kaartjie met 'n broodjie, kaas/polonie, botter ens. Ander kaartjies wat nie volgens die resep is nie gaan ook gedruk word, net om dit bietjie moeiliker te maak.

**Sê:** Wie van julle het al gesien dat wanneer mamma koek bak, sy 'n resep gebruik, wat haar help om die koek te bak? Vandag gaan ons so bietjie butterfly/karretjie ens. toebroodjies maak, maar om dit te doen het ons 'n resep nodig.

**Speletjie 2: Resep:** Die prentjies en die resep word aan elke groepie uitgedeel. Die leier hou die resep by hom/haar en die prentjies word deurmekaar uitgepak in die middel van die groepie. Die leier sal nou in elkeen se oor fluister waar watter prentjie moet kom, gee elke kind 'n beurt tot die hele resep reg uitgepak is.

**Sê:** Maatjies, kan julle onthou dat die tannie verlede kwartaal aan julle vertel het dat die Bybel God se woorde is? En dat Hy jare terug vir sekere mense gesê het wat om in die Bybel te skryf? Net soos die tannie nou gemaak het, en in jul oor gefluister het watse prentjie om neer te sit, sodat ons die hele resep kan hê hoe om die broodjie te maak, net so het God vir die mense gesê wat om in die Bybel te skryf sodat ons vir God kan leer ken en om eendag in die hemel te kom.

## DIE BYBEL IS - DIE LIG OP ONS PAD

### Speletjie 3: Blindemol broodjie

Daar sal twee tafels wees met broodjies (broodjies sal klaar gesmeer wees), polonie/kaas, koekiedrukkers.

Deel in twee groepe - Tafel 1 met blinddoeke en Tafel 2 sonder blinddoeke

Leiers blinddoek asb Tafel 1 se kindertjies.

Al 2 tafels gaan nou 'n kans kry om broodjies te maak. Op albei tafels sal die resepte wees.

**Tafel 1** - Moet asb. nie die kinders help om die broodjies te maak nie (sal die leiers asb. net kyk dat niemand seerkry wat geblinddoek is nie)

**Tafel 2** - Leiers jul mag maar die kinders help.

Ons gaan so paar minute vir almal gee om hul broodjies te maak.

Almal gaan sit in hul groepe, en elke groep gaan 'n kansie kry om na die twee tafels se broodjies te kyk.

**Sê:** Hoe lyk die tafel wat blinddoeke opgehad het se broodjies? En hoe lyk die tafel wat kon sien en die resep lees, en die leiers se hulp gehad het se broodjies? Gee kans vir terugvoering.

Dit lyk vir my of die span wat geblinddoek was so bietjie gesukkel het. Hoekom dink julle is dit so? Gee kans vir terugvoering.

Ja, hul kon nie sien nie, en ook nie die resep lees nie, hulle het ook nie hul leiers se hulp gehad nie. Kan julle nou sien hoekom ons sê dat die Bybel die lig op ons pad is? Sodat ons kan weet wat om te doen. Ons kan in die Bybel sien en lees wat God wil hê ons moet doen.

## DIE BYBEL IS - DIE SWAARD VAN DIE WAARHEID

### Speletjie 3: Opvoering

**Sê:** Kan julle onthou van die stomp swaard en die skerp swaard, en toe ons die sonde ballonne stukkend gemaak het, want ons is mos in Jesus se army!

In elke groepie gaan ons nou 'n opvoering hou, amper soos 'n mini konsert wat jul by die skool het.

Deel jul groepie in twee en dan in jul groepies beeld 'n sonde uit soos bv. steel, baklei, lelik wees met mamma en pappa ens. met die een helfte, die ander helfte moet dan wys hoe gaan hul optree

en wat om te doen as hul, hul swaard gaan gebruik, soos bv. moenie steel nie, eer jou vader en moeder (luister na jou pa en ma) ens.


Ons gaan nou vir elke groepie kans gee om hul opvoering te doen.

Julle is vreeslik oulik en dit was nou sommer lekker om jul pragtige opvoering te sien en hoe mooi julle verlede kwartaal geluister het.

**Sluit af met gebed**

### **Blindemol broodjie resep**


**1. Neem twee klaar gesmeerde bottter broodjies**



**2. Sit nou een snytjie polony op die een broodjie en sit die ander broodjie bo-op**



**3. Neem nou die koekie uitdrukker van jou keuse en druk die broodjie uit**



## INSTRUKSIES:

1. Knip die prentjies voor die tyd apart uit, een stel vir elke groep.
2. Laat die kinders dit met die hulp van die groepleiers in die regte volgorde pak.

